

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 6: Toldot (תולדות) – Geslagte / Generasies

En dit is die geskiedenis van Isak, die seun van Abraham: Abraham was die vader van Isak.
 Gen. 25:19

Torah : Gen. 25:19 tot 28:9

- ❖ **Inleiding**
- ❖ **Gen. 25:21** – Namens my hulp!
- ❖ **Gen. 25:22** – Ons eie barensnood.
- ❖ **Gen. 25:27** – ‘n Torah-gehoorsame nageslag
- ❖ **Gen. 26:4 en 5** – YHVH se Torah reeds voor die verbond by Sinai.

Haftorah: Maleagi 1:1 tot 2:7 – Was jy maar warm of koud!

B’rit Chadashah: Luk. 3:1 tot 18; Rom. 9:6 tot 16; Heb. 11:20; Hebr. 12:14 tot 17

One hundred religious persons knit into a unity by careful organization do not constitute a church any more than eleven dead men make a football team – A.W. Tozer

Religion today is not transforming people; rather it is being transformed by the people. It is not raising the moral level of society; it is descending to society’s own level, and congratulating itself that it has scored a victory because society is smilingly accepting its surrender – A. W. Tozer

God, who foresaw your tribulation, has specially armed you to go through it, not without pain but without stain – C.S. Lewis.

Midrash (Torah Bespreking) Inleiding

Die King James vertaling van Gen. 25:19 lees: *And these are the generations of Isaac, Abraham's son: Abraham begat Isaac*, wat dit vir ons duidelik maak waarom die naam van hierdie week se parashah *Generasies (geslagte)* is. Die Hebreeus vir geslagte is *toledah* en daarom die naam *toldot* (תולדות).

Ons is deel van die generasies na wie parashah *toldot* verwys, want Abraham is die vader van Isak en Abraham is ook ons voorvader. Ons dien die God van Abraham, Isak en Jakob. Ons moet in hulle voetspore stap – voetspore van vertroue in die genade van YHVH en van gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Torah! Ons moet met ons geestesoë sien wat ons voorvader Abraham gesien het, naamlik die (weder)koms van Yeshua Messias!!

Abraham is die vader van ons geloof (tot geregtigheid) en daarom is ons wat glo in Yeshua as die Lam van God tot vergifnis van sonde, die nageslag van Abraham en deel van Israel. Ons word alleenlik deur geloof in Yeshua as die Messias gered en regverdig verklaar (Rom. 3:28 en Rom. 5:1).

Paulus skryf in Gal. 3:7 en 29 die volgende:

Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.

En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Op grond van ons geloof in Yeshua Messias is ons dus kinders van Abraham, naamlik sy nageslag en dus ook sy erfgenaam. Abraham is die vader van almal wat in Yeshua as die Messias glo (Rom. 4:14 tot 16). Hy is ook die aardsvader van die onbesnedene (Rom. 4:11). Ons is die kinders van Abraham uitsluitlik op grond van die genade van YHVH deur geloof in Yeshua. Hierdie belofte staan vas vir die hele nageslag, naamlik vir Jood en nie-Jood (Rom. 4:16). Elkeen wat uit die geloof is, word saam met Abraham geseën (Gal. 3:9). Om die nageslag (kinders) van Abraham te wees, is dus nie op grond van verdienste nie; ook nie deur die wet (die Torah) te onderhou of op enige ander wyse nie. Dit is alleenlik deur geloof en die onverdiende guns van YHVH!

Dit is geloof wat ons die nageslag van Abraham maak. Abraham is deur geloof geregverdig verklaar (Gen. 15:6; Rom. 4:9) en dit is alleenlik deur geloof wat ons geregverdig verklaar word. Geloof is dus die gemeenskaplike faktor van ons familie verbintenis met Abraham, Isak en Jakob.

Abraham is die begin (die aardse vader) van YHVH se volk wat Hy as Sy eiendom geneem het (Ex. 19:5 en 6; 1 Pet.2:9). Hy was die eerste Hebreër (Jood).

Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is (Heb. 11:12).

Elke gelowige in Yeshua word deel van YHVH se volk, naamlik van Israel, wat met Abraham as vader begin het. Daar is nie meer 'n onderskeid tussen Jood of Griek nie of tussen slaaf of vryman nie of tussen man en vrou nie, want ons is almal een in Yeshua Messias (Gal. 3:28).

Abraham is deur geloof geregverdig (opreg en onskuldig) verklaar (Gen. 15:6), maar het deur gehoorsaamheid YHVH se seëninge deelagtig geword (Gen.26:4 en 5). Laat ons ook leer om, soos Isak, in die voetspore van ons vader Abraham te loop.

Abraham, Isak en Jakob het YHVH se geregtigheid geken en het nie hulle eie geregtigheid opgerig nie!

Bepeins of Bespreek

1. Staan geloof (vertroue) in isolasie of behels dit ook gehoorsaamheid? Anders gestel: Is redding deur geloof sonder die werke wat geloof bevestig – die werke wat bevestiging is van wat geglo word? Verwys Jak. 2:14 tot 26.

Gen. 25:21 – Namens my hulp!

Yitz'gak het gebid tot יהוה namens sy vrou, want sy was onvrugbaar en יהוה het sy gebed verhoor sodat sy vrou Rivkah swanger geword het (PWL Vertaling)¹

Hierdie teksvers het weinig kommentaar nodig, maar eerder net die vraag aan mans: *Hoe gereeld bid jy namens jou vrou – jou hulp?* En nog belangriker: *Hoe gereeld word jou gebede wat jy namens jou vrou bid verhoor?* In die verband is dit belangrik om aan Petrus se woorde aan elke man aangaande sy vrou herinner te word:

Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is – sodat julle gebede nie verhinder mag word nie. 1 Pet. 3:7.

Eweens moet die volgende ook onthou word: Sowat 1200 jaar na die uittog uit Egipte het YHVH deur die profeet Maleagi die volk se geestelike welstand evalueer en ondermeer gesê dat hulle afgewyk het van YHVH se vereiste en bedoeling van die huwelik (Maleagi 2:13 tot 16).

Hierdie is nog iets wat julle doen; julle bedek die altaar van יהוה met trane, met gehuil en gekreun, omdat Hy nie langer die offer ag nie en dit nie van julle hand aanvaar met guns nie. Tog vra julle: 'Om watter rede?' Omdat יהוה Getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug teenoor wie jy verraderlik opgetree het, alhoewel sy jou metgesel is en jou vrou deur die verbond. Nie een mens wat iets van die Gees oor het, maak so nie en wat het hy gedoen terwyl hy 'n Goddelike nageslag gesoek het? Neem julle gees in ag en laat nie een verraderlik optree teenoor die vrou van sy jeug nie, want Ek haat egskeiding," sê יהוה, die God van Yisra'el "en hom wat sy kleed met wat verkeerd is bedek," sê יהוה - Tzva'ot. "Neem julle dan jul gees in ag dat julle nie verraderlik optree nie. (PWL vertaling)

Daarom het YHVH Sy seëninge van die volk weerhou omrede hulle nie die verbond met die liefde van hulle jeug eerbiedig (onderhou) het nie.

Certain thoughts are prayers. There are moments when, whatever be the attitude of the body, the soul is on its knees – Victor Hugo.

Bepeins of Bespreek

1. Eerbiedig jy jou huweliksverbond? Onthou: 'n Huweliksverbond word nie net verbreek deur 'n buite egtlike verhouding nie, maar ook wanneer enige van die ander voorwaardes van die verbond ook verbreek word. Is jou pligte as vrou (hulp vir die man) en as man (hoof van die huis) deel van die verbondsvoorwaardes? Is die gebrek aan die nakoming van jou pligte as eggenoot en eggenote nie ook verbreking van die huweliksverbond nie?
2. Talle huwelike eindig nie in egskeiding nie, maar is ongelukkig en spanningsvol. Die resultaat van beide is 'n samelewing van talle volwassenes en kinders wat ernstige emosionele skade het. Wat sou Maleagi vandag aangaande die Christendom se geestelike welstand sê indien hy sou kyk na die egskeidingsyfer van die wat bely dat hulle in Yeshua die Messias glo? Statistiek bewys dat daar geen verskil is in die aantal egskeidings tussen Christene en nie-Christene!

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Gen. 25:22 – Ons eie barensnood

Die kinders het teen mekaar baklei binne-in haar. Toe sê sy: “As dit reg is so, hoekom leef ek?”
(PWL Vertaling)

Ons elkeen kan in vele opsigte met Rebekka se barensnood identifiseer, want in ons binneste voer die gees en die vlees dikwels ‘n stryd. Elkeen van ons besit sommige van die hoedanighede van beide Jakob en Esau! Ons het egter die geestelike potensiaal van ‘n Jakob om deur vertroue en gehoorsaamheid ons erflating in Yeshua in besit te neem en ‘n lewe van oorwinning te leef. Hierdie is die nuwe (wedergebore) mens in Yeshua wat deur die vernuwing van die gemoed kan lewe volgens die goeie en welgevallige en volmaakte wil van YHVH (Rom. 12:1 en 2).

Maar dan ondervind ons ook dikwels in ons binneste die Esau-mens wat in opstand teen die Jakob-mens kom. Dan dink, praat en doen ons die dinge wat ons nie wil doen nie, want die ou mens is wel gekruisig, maar hy het nog nie gesterwe nie. Die sondige vlees kom in opstand teen YHVH se Torah wat op my hart geskrywe is en in my verstand gegee is. Die Esau-mens wil die Torah van YHVH op my hart uitvee en dit uit my verstand wegneem.

Paulus identifiseer ook met hierdie innerlike stryd en beskryf dit soos volg:

want wat ek doen, verstaan ek nie en dit is ook nie enige iets wat ek gekies het nie, maar dit wat ek gehaat het, dit het ek gedoen. As ek enige iets doen wat ek nie wil nie, dan getuig ek dat die geskrewe wet goed is, maar dat dit nie nou ek is wat dit doen nie, maar die sonde wat in my bly, want ek weet dat in my, dit is in my vlees, die goeie nie bly nie, want dit is maklik vir my om bly te wees oor die goeie, maar ek kan dit nie doen nie, want die goeie wat ek gekies het om te doen, het ek nie gedoen nie, maar die bose wat ek nie wou doen nie, dit het ek gedoen. As ek enige iets doen wat ek nie wou nie, dan was dit nie ek wat dit gedoen het nie, maar die sonde wat in my bly. Ek vind dus ‘n wet, wat met my gewete saamstem, wat kies om die goeie te doen, omdat die bose naby my is, want ek verheug my in die wet van God vanuit die innerlike mens, maar ek sien ‘n ander wet in my lede wat oorlog maak teen die wet van my gewete en my gevange hou aan die wet van die sonde wat in my lede is. Ek is ‘n ellendige mens! Wie sal my red uit hierdie liggaam van die dood? Ek dank God: Deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een! Daarom is ek nou met my gewete ‘n slaaf van God se wet, maar in my vlees ‘n slaaf van die wet van die sonde. Rom. 7:15 tot 26 – PWL Vertaling.

Wanneer Paulus vra: *Wie sal my red uit hierdie liggaam van die dood*, dan vra hy inderwaarheid wie sal hom red van hierdie binding van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2) wat die liggaam (die vlees) as woning gebruik. Die antwoord verklaar Paulus, is alleenlik deur sy Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, want alleenlik in Hom is daar geen veroordeling indien ons nie meer na die vlees lewe nie, maar na die Gees (Rom. 8:1 en 2). Dan is ons besig met die proses waar die Gees die vlees onderdruk – dit is heiligmaking, naamlik om afgesonderd te lewe! Die uiteindelijke gevolg van Torah-gehoorsaamheid is die sterwe van die vlees.

Voed jou gees met YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies en die vlees van selfisme sal ‘n honger dood sterf!

This has been my guiding principal in YHWH's Vineyard. Rather than redirecting our fleshly desires, let's allow them to be slain with Messiah. Rather than trying to “improve self”, lets put self to death.
For when we die to self, we live in Him – Unknown.

When you are forgotten or neglected or purposely set at naught and you do not sting and hurt at the oversight, but your heart is happy, being counted worthy to suffer for the Messiah.....that is dying to self – Unknown.

Bepins of bespreek

1. Ernstige siekte lei dikwels tot nederigheid en dankbaarheid. Enige persoon wat aan 'n ongeneeslike siekte ly, sal dit bevestig. Is dit nie ondermeer wat Paulus vir ons in Rom 7:15 tot 26 wil leer nie? Is ons geestelike siekte wat tot geestelike dood kan lei nie rede om ons in nederigheid en dankbaarheid voor die genadetroon van YHVH te buig nie. Nederigheid om rede ons doemwaardig is en die dood verdien, maar dankbaarheid dat ons deur vertrouwe in Yeshua as sondoffer ons geestelike genesing ontvang het!

Gen. 25;27 – 'n Torah-gehoorsame nageslag!

Die seuns het opgegroeï: 'Esav was 'n ervare jagter, 'n man van die veld, maar Ya'akov was 'n sagte, vredevolle man wat in tente gebly het (PWL Vertaling).

Hierdie teksvers beskryf nie net die verskille in die aard van Jakob en Esau nie, maar ook die verskille in hulle geestelike welsyn.

Esau se prioriteite het gesentreer rondom die beverdiging van die vlees en hy het geleef vir die oomblik. As ervare jagter het hy sekerlik erkenning gekry en was hy waarskynlik gesien as die man onder die manne. Hy was 'n *man van die veld*. Volgens Hebreuse denke verwys *veld* na die wêreld (Matt. 13:38 – die saailand is die veld, soos ondermeer deur die KJV vertaal word). Esau het die geestelike dinge as minder belangrik beskou.

Young's Literal Translation vertaal Gen. 25:28 soos volg: *and Isaac loveth Esau, for his hunting is in his mouth...* Esau was dus 'n strikspanner met sy mond gewees! Dit beteken dat Esau vir Isak met sy mond (woorde) mislei het. Isak was nie bekommerd oor Esau se geestelike welsyn nie, want Esau het al die geestelike dinge gesê wat sy blinde pa, Isak, wou hoor. Figuurlik gesproke was die probleem met Esau dat sy geestelikheid slegs in sy mond (woorde) was, maar hy het dit nooit 'ingesluk' nie! Esau se woorde het dus nie sy hart en sielsrealm binnegedring om deel van sy wese te word nie. Sy geestelike welsyn was van so 'n aard dat hy sy eersgeboortereg verruil het vir 'n bord lensiegereg om sy sintuie te bevredig. Daarom lees ons in Heb. 12:15 tot 17 die volgende:

Wees waaksaam dat niemand onder julle, sonder die onverdiende guns van God gevind word nie of dat 'n wortel van bitterheid ranke voortbring en jou skade aandoen en baie hierdeur besoedel word nie, of dat iemand onder julle as seksuele oortreder en losbandig gevind word, soos Esav, wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop het, nie, want julle weet dat hy, toe hy daarna die seën wou erf, verwerp is, omdat hy geen herstel gevind het nie, al het hy dit met trane gesoek (PWL Vertaling).

Daarom word enige een wat geestelike woorde spreek sonder dat dit deel van hart en siel is, gelykgestel aan Esau en wat ook skuldig was aan geestelike hoerery en geestelike losbandigheid.

En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Mark. 7:6.

In die lig hiervan kan ons die woorde van die profeet Maleagi, en soos dit deur Paulus herhaal word, verstaan:

Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat. Rom. 9:13

Jakob was egter die teenoorgestelde – 'n sagte, vredevolle man wat in tente gebly het. Volgens Hebreuse denke verwys *in tente gebly* na Torah-gehoorsamheid. Figuurlik gesproke het Jakob in Torah gebly en Esau het 'n lewe in die veld buite Torah-gehoorsamheid gekies. Rebekka het egter die insae gehad om te verstaan dat die nageslag van Abraham Torah-gehoorsam moet wees. Daarom moes Isak vir Jakob seën en nie vir Esau nie! Torah-gehoorsamheid bring YHVH se seën en ongehoorsamheid God se oordeel.

Ons moet die Torah-gehoorsame nageslag van Abraham, Isak en Jakob wees!! Ons moet nie net Torah hoor en praat nie! Nee, ons moet daders van Torah wees anders bedrieg ons onself (Jak. 1:22 tot 25) en is ons die nageslag van Esau. YHVH se Torah moet uit ons hart en siel soos 'n fontein uitborrel!

Bepeins of Bespreek

1. Kan ons die Messiaanse Beweging (Ontwaking) vergelyk met Jakob, en die kerk (Christendom) met Esau? Wat is die 'kwalifiserende vereiste' om as die nageslag van Abraham, Isak en Jakob gereken te word? Is dit slegs geloof (vertroue) of is dit geloof met gepaardgaande Torah-gehoorsaamheid?
2. Het Esau sy pa, Isak, moedswillig mislei? Was Esau se probleem nie juis dat hy gedink het hy is geregverdig in sy optrede nie? Het hy nie sy eie woorde geglo sonder om te besef dat dit nie in sy hart en siel is nie? Loop ons nie almal die gevaar om in so 'n situasie te beland nie? Hoe maklik is dit, byvoorbeeld, om te sê ek het almal lief en tog getuig my dade dikwels die teendeel?
3. Esau wou sy eersgeboorte reg hê sonder om die gepaardgaande verantwoordelikheid daarvan te aanvaar. Vandag is daar steeds gelowiges met 'n Esau-gesindheid. Hulle soek die seëninge sonder Torah-gehoorsaamheid. *Cheap grace is the theology that expects the benefits of grace without the sacrifice of obedience* – Bonhoefer.
4. Gen. 25:21 tot 23 is ook profeties en moet gesien word in die lig van die stryd in die Midde-Ooste tussen Israel (Jakob) en Esau (Palestynse en Arabiese lande). Ons leef in die einde van dae waar hierdie profesie toemend vervul word. Is die wortel van hierdie stryd geestelik of vleeslik? As die nageslag van Abraham, en as mede-burgers van Israel (Efes. 2:12 en 19) is hierdie ook ons stryd!

Gen. 26:4 en 5 – YHVH se Torah reeds voor die verbond by Sinai.

En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooië, my insettinge en my wette onderhou het.

Die belofte van YHVH aan Abraham is ook vir Isak mits hy as vreemdeling sou bly in die landstreek Gerar (Gen. 26:3). Die belofte van die Beloofde Land gaan, soos in die geval van Abraham, gepaard met gehoorsaamheid. Hierdie is bevestiging dat YHVH se beloftes ook gehoorsaamheid vereis, maar ook bevestiging dat YHVH se Torah (onderrig en instruksies) reeds voor die verbond by Sinai (verbond van die wet) bestaan het. Abraham is geseën omdat hy *na my stem geluister en my ordening, my gebooië, my insettinge en my wette onderhou het.*

Bepeins of Bespreek

1. Watter ander bewys is daar dat YHVH se wet (Torah) reeds bestaan het voor die verbond van die wet wat by Sinai gesluit was? Verwys Ex. 16:25, 26 en 29. Was die tien gebooië vir Israel iets nuut of net 'n herinnering en bevestiging van dit wat hulle reeds geweet het? Kan ons dit vergelyk met Yeshua se woorde in Matt. 5:17 dat Hy nie gekom het om die wet te ontbind nie, maar om dit te vervul (te bevestig en te bekragtig)?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Maleagi 1:1 tot 2:7 – Was jy maar warm of koud!

Die profeet Maleagi se bediening was in die vyfde eeu (ongeveer 450 tot 400 jaar voor Messias), en ongeveer 100 jaar na Israel se terugkeer uit Babiloniese ballingskap. Ons moet hierdie Haftorah ook lees teen die agtergrond van die tweede tempel wat voltooi was en dat Israel genoegsame tyd gehad

om hulle geestelike lewe in orde te kry. Die feit is egter dat Israel se geestelike welsyn na hul terugkeer uit Babilon mettertyd verval het tot agtelosigheid en oppervlakkigheid.

Maleagi se naam beteken *My BoodsAPPER* en hy is gestuur om die geestelike welstand van Israel te evalueer. Maar, Maleagi is egter YHVH se BoodsAPPER met woorde van tugtiging. Israel word getugtig omrede hulle die verbond verbreek het deur YHVH se onderrig en instruksies ten opsigte van ondermeer die offerandes (Mal. 1:7 en 10), die huwelik en egskeiding (Mal. 2:10 tot 12 en 14), asook die gee van tiendes (Mal. 3:8 tot 10) nie nougeset na te kom nie!

Daarom word die geestelike welsyn van Israel vergelyk met die van Esau:

“Ek het julle liefgehad,” sê יהוה, maar julle vra: “Waarin het U ons liefgehad?” “Was `Esav nie Ya`akov se broer nie?” verklaar יהוה. “Tog het Ek Ya`akov liefgehad, maar Ek het `Esav gehaat en Ek het sy berge `n verlatenheid gemaak en sy erfenis aan die jakkalse van die wildernis gegee”. Mal. 1:2 en 3 – PWL Vertaling.

Waarom word Esau as vergelyking van Israel se geestelike welsyn gebruik. Die antwoord vind ons deels in die vroeër bespreking van Gen. 25:27 (‘n Torah-gehoorsame nageslag) wat soos volg opgesom kan word: Jakob is ‘n sinnebeeld van ‘n Torah-gehoorsame nageslag en Esau ‘n sinnebeeld van Torahloosheid. Daarom tugtig Maleagi vir Israel deur hulle te vergelyk met Esau en dus as ‘n volk wat afgewyk het van YHVH se onderrig en instruksies.

Soos Esau het Israel geestelik selfversekerd geword. Hoewel hulle YHVH se uitverkore volk was en by wyse van die tempel in YHVH se teenwoordigheid kon leef, het hulle die respekvolle eerbied (vrees) vir Die Almagtige verloor. Israel het nie meer die respekvolle waardering vir die intieme verhouding met YHVH gehad nie. Toegewyde en nougesette Torah-gehoorsamheid is vervang met ‘n goed-genoeg-gesindheid. Daarom vra YHVH vir Israel:

‘n Seun eer sy vader en ‘n dienskneg sy meester. As Ek dan ‘n Vader is, waar is My eer? As Ek ‘n Meester is, waar is My respekvolle vrees? sê יהוה -Tzva`ot vir julle, o priesters wat My Naam verag! Julle sê egter: Waardeur het ons U Naam verag? Julle bring onrein kos op My altaar, maar julle vra: Waardeur het ons U onteer? Deurdat julle sê: Die tafel van יהוה is veragtelik. Wanneer julle egter die blinde as offer aanbied, is dit nie boos nie? Wanneer julle die kreupel of siek aanbied, is dit nie boos nie! Hoekom dit nie aan julle goewerneur offer nie! Sal hy gelukkig wees met julle of julle goedgesind ontvang? vra יהוה -Tzva`ot. Mal. 1:6 tot 8 – PWL Vertaling.

Soos Esau geglo het dat geen onheil hom kan tref nie, want hy is immers die eersgeborene van Isak en die kleinseun van Abraham, so het Israel ook in selfversekerheid geleef as die eersgeborene van YHVH en as kinders van Abraham. Esau se selfversekerheid het egter die deur oopgemaak vir oneerbiedigheid en wêreldsheid. Hierdie toestand was ook by Israel tydens die profetiese bediening van Maleagi aanwesig. So lees ons dat dieselfde gesindheid ook by sommige Jode in Yeshua se tyd aanwesig was:

Maar toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is? Dra dan vrugte wat by die bekering pas. En moenie dink om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek. Maar die byl lê ook al teen die wortel van die bome. Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur. Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand. Matt. 3:7 tot 12.

Ons weet ook dat hierdie gesindheid en toestand in die einde van dae aanwesig sal wees, soos Yeshua se woorde aan die gemeente in Efese en Laodicea dit duidelik maak.

Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie. Open. 2:4 en 5

Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. Open. 3:15 tot 19

In die dae van Maleagi het Israel se geestelike welsyn verval tot agtelosigheid en oppervlakkigheid. Israel se liefde vir YHVH het afgekoel! Hulle bedoelings was sekerlik nog opreg, maar hulle het blind geword vir die ware betekenis van liefde vir YHVH, naamlik nougestte gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies. Lou (afgekoelde) liefde en goeie bedoelings is die simptome van geestelike siekte waarvoor ons almal vatbaar is!

Die mens se goeie bedoelings kan nooit `n plaasvervanger vir gehoorsaamheid aan YHVH wees nie. Dit is die les wat beide Saul en Dawid ondermeer geleer het. Hierdie les geld ook vir elkeen van ons vandag, naamlik dat YHVH, ons Vader, gehoorsaamheid vereis en nie goeie bedoelings nie.

Nadat Saul as koning gesalf is, het hy in opdrag van YHVH gegaan om die Amalekiete te verslaan. YHVH het duidelik aan Saul opdrag gegee om almal dood te maak en alles te vernietig. Saul mag niemand se lewe gespaar het nie, en ook geen oorlogsbuit geneem het nie, want God het beveel dat Saul alles met die banvloek moet tref (1 Sam. 15:1 tot 3). Na die oorwinning het Saul egter vir koning Agag gespaar en die beste van die kleinvee, beeste en skape, asook alles wat van waarde was geneem (1 Sam. 15:4 tot 9).

YHVH het toe deur die mond van Samuel vir Saul gekonfronteer met die woorde: *Waarom het jy dan nie na die stem van YHVH geluister nie en op die buit afgestorm en gedoen wat verkeerd is in die oë van YHVH?* (1 Sam. 15:19). Saul se verweer was egter dat die bedoeling was om die beste van die bangoed as offer aan YHVH op Gilgal te bring. Hierop het Samuel vir Saul geantwoord:

Daarna sê Shemuél: Het Yahweh behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van Yahweh? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. Want rebelsheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die woord van Yahweh verwerp het, het Hy jou as koning verwerp. Toe sê Shaúl vir Shemuél: Ek het gesondig, omdat ek die bevel van Yahweh en u woorde oortree het, want ek was bevrees vir die manne en het na hulle geluister. 1 Sam. 15:22 en 24 (Woord en Getuienis)

Saul se goeie bedoelings het nie opgemaak vir sy ongehoorsaamheid nie. Ongehoorsaamheid aan YHVH is sonde en bring oordeel. Inteendeel, weens Saul se ongehoorsaamheid was hy sy koningskap kwyt. YHVH, ons Vader, het behae in gehoorsaamheid, maar ongehoorsaamheid aan Hom is sonde wat gelykstaande is aan waarsêery en afgodery. Hoe maklik kan ons ook met goeie bedoelings probeer om gehoorsaamheid te vervang!!

Soos Saul is ons ook dikwels vir ons geliefdes en familie bevrees (1 Sam.15:26) en volg dan, teen ons beter wete, eerder die pad van ongehoorsaamheid. Ons kan nie vir Vader God iets in die plek van gehoorsaamheid aanbied nie. Indien ons moedswillig ons Vader se onderrig en instruksies (Sy Torah, die wet) oortree, is ons beste bedoelinge nie goed genoeg nie! Ongehoorsaamheid is sonde en sal gestraf word.

Hoeveel seëninge is ons dalk kwyt weens ongehoorsaamheid? Het jy jouself hierdie vraag al gevra?

Is ons nie ook dikwels besig om dinge wat Vader as 'n banvloek beskou aan Hom te probeer offer nie? Dit wat met die banvloek getref is, is dit wat ons uit ons lewe moet verban. Dit moet vernietig en uitgeroei word en ons mag niks daarmee te doen hê nie!!

En jy mag geen gruwel in jou huis inbring nie, sodat jy nie net so onder die banvloek kom nie; Jy moet daar heeltemal 'n afsku van hê en dit geheel en al as 'n gruwel beskou; want dit is onder die banvloek. Deut. 7:26.

Dink ook aan Kain en Abel. Beide het aan YHVH 'n offer gebring, maar slegs Abel se offer was aanvaar, want dit was volgens YHVH se vereiste. Kain se goeie bedoelings deur van die vrugte van die land as offer te bring, is deur God verwerp (Gen. 4:3 tot 5). Indien YHVH slegs goeie bedoelings as vereiste gestel het, dan sou Hy ons daarvan vertel het. YHVH is die wetgewer (Jak. 4:12) en vereis gehoorsaamheid van elkeen van ons. Ons goeie bedoelings word juis deur ons gehoorsaamheid openbaar. Ongehoorsaamheid kanselleer goeie bedoelings.

In Deut. 12:30 en 31 lees ons die volgende:

Neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met YHVH jou God nie; want alles wat vir YHVH 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode.

Talle van die Christengebruike en Christenradisies het 'n heidense oorsprong wat 'n Christenbaadjie gekry het. Wat is dit anders as om te vra: *Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen.* Goeie bedoelings gaan nie maak dat YHVH dit nie meer as 'n gruwel sal beskou nie! Indien YHVH sê dat iets 'n gruwel is, dan is dit, en bly dit, 'n gruwel. Indien dit wat ons doen en glo 'n afgode oorsprong het wat ver-Christen is, soos ondermeer kersfees en die instelling van Sondag as *die dag van die Here*, bly dit steeds 'n gruwel in die Vader se oë en sal ons goeie bedoelings dit nie verander nie.

Die Israëliete het ook 'n goue kalf gemaak en Aäron het gesê: *Môre is daar fees tot eer van YHVH* (Ex. 31:5). Hierdie handeling was egter 'n gruwel vir God. Hoe kan die mens afgodery meng met aanbidding van die ware Skepper-God en dit dan beskou as tot eer van YHVH? Kersfees is 'n *goue kalf* wat in die plek van die feestye van YHVH (Levitikus 23) tot eer van Yeshua gehou word. So ook word die goeie bedoelings van Sondagaanbidding as alternatief vir die shabbatsgebod (Ex.20:8 tot 11) aangebied. YHVH die Skepper-God aanvaar egter nie goeie bedoelings as plaasvevranger vir gehoorsaamheid nie!!

Die seuns van Aäron, Nadab en Abihu, het vreemde vuur voor die aangesig van YHVH gebring en het as gevolg van dit gesterf (Lev. 10:1 en 2). Beide Nadab en Abihu was opgelei as priesters en het gewet wat YHVH vereis, en tog het hulle 'n alternatief in die plek van gehoorsaamheid vir YHVH aangebied. Onthou: Die mens kan nie by God se Woord byvoeg, wegneem of daaraan verander nie. Al is ons bedoelings hiermee opreg, is dit soos om vreemde vuur voor YHVH se aangesig te bring. Dit is onaanvaarbaar!!!

Ons kan wel sê dat Saul se bedoelings nie absoluut opreg was nie, maar dat hy op die oomblik wat hy gekonfronteer was 'n vinnig uitweg uitgedink het. Maar wat dan van Dawid? Sy bedoelings met die haal van die verbondsark by die huis van Abinadab was sekerlik absoluut opreg.

Dawid wou die verbondsark na twintig jaar terugbring om dit weer in die midde van die volk te plaas. Hy wou weer die heerlijkheid van YHVH terugbring na Israel. Hulle het die ark toe op 'n nuwe wa geplaas en Dawid en die hele Israel het uitbundig voor die ark van God gedans, terwyl hulle deur musiekinstrumente begelei was (1 Kron. 3:6 tot 8). Toe hulle by die dorsvloer van Nakon kom, het Ussa die ark met sy hand gestut, want die osse het gestruikel. YHVH se toorn het egter toe ontvlam en Ussa het daar langs die wa gesterf (1 Kron. 13:9 en 10).

Dawid was erg ontsteld en het daardie dag vir God bang geword en gevra: *Hoe kan ek die ark van God na my toe bring?* (1 Kron. 13:12). **Daardie dag het Dawid besef dat sy goeie bedoelings nie goed genoeg was nie!!** Hy moes gaan uitvind wat YHVH se vereistes was om die ark terug te bring. Hy moes dit volgens God se onderrig en instruksies doen (1 Kron. 15) en nie volgens die van mense nie. Alleenlik toe is die verbondsark suksesvol teruggebring en was die heerlijkheid van YHVH weer in hulle midde.

Hoe dikwels probeer ons God ons Vader vereer en aanbid op mensgemaakte wyses! Ons probeer God se heerlijkheid volgens ons eie menslike pogings terugbring. Ons bedoelings mag opreg wees, maar as dit nie volgens YHVH se wil is nie, kan ons dalk ook geestelik sterf. Ons moet onself ondersoek om seker te maak dat ons in alles YHVH vereer en aanbid op 'n wyse wat Sy heerlijkheid sal terugbring in ons lewens. Die beste mensgemaakte metodes is nie goed genoeg nie.

Dikwels maak ons die woord van God kragteloos deur vas te hou aan die oorgelewerde gebruike en sieninge van mense (Mark. 7:13). Hierdie gebruike en sieninge leer ons weer ons kinders sonder om ooit die vraag te vra of dit werklik YHVH se wil is.

Wanneer laas het jy jouself die volgende gevra: *Hoekom glo ek wat ek glo, en hoekom doen ek wat ek doen?* Indien ons anders glo, en ons persepsie van YHVH anders is as die waarheid in die Woord, dan is ons besig met afgodery. Dan ken ons nie die ware Skepper-God nie en kan ons Hom nie behaag nie. Dieselfde geld ten opsigte van dit wat ons doen. Ons beste bedoelings is nie goed genoeg vir YHVH indien dit nie volgens Sy wil is nie.

Ons behoort selfondersoek te doen en seker te maak dat ons nie besig is met goeie bedoelings nie, terwyl ons ongehoorsaam is aan YHVH se onderrig en instruksies – Sy Torah. As ons die Vader waarlik liefhet, sal ons alles doen wat Hy ons beveel.

As julle My liefhet, bewaar my gebooie. Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. Joh. 14:15
en 21

Alleenlik deur gehoorsamheid aan al YHVH se onderrig en instruksies kan ons Hom waarlik ken!!

En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.
1 Joh. 2:3 tot 5.

Bepeins of Bespreek

1. Is jy in alles aan Vader gehoorsaam of dink jy geloof in Yeshua as Messias en goeie bedoelings is voldoende om die geregtigheid van God in Yeshua te wees?? Jy mag opregte ywer vir YHVH hê, maar as jy nie Sy geregtigheid ken en doen nie, dan is jy besig om jou eie geregtigheid op te rig. Dan onderwerp jy jou nie aan YHVH se geregtigheid nie (Rom. 10:2 en 3) en is jy nie die geregtigheid van God in Yeshua nie!! Dan is jou geestelike temperatuur lou (afgekoel) en sal YHVH jou uit sy mond spuug!
2. Dikwels word die feit dat die profeet Maleagi se tugtiging op die priesters van toepassing was, gebruik as rede dat dit nie op ons van toepassing is nie, veral wanneer dit kom by die gee van tiendes. Die vraag is egter: Is ons dan nie die koninklike priesterdom van YHVH nie (1 Pet. 2:9)? Is die woorde van Maleagi ten opsigte van ons offers, ons maaltye, ons huwelike en ons tiendes dan nie juis op ons vandag van toepassing nie? Ons moet waak teen geestelike selfversekerheid, asook waak teen 'n kruidenierstrollie-gehoorsamheid waar ons kies wat ons van hou en wat ons nodig het!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat shalom.
Johan

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.